Sondag 18 Februarie 2018

Gebeurtenisse vir die Week:

Datum	Tyd	Gebeurtenis
19 Februarie Maandag	19:00	Bedieningskerkraad
22 Februarie Donderdag	10:00 10:00	Senior Selgroep Biduur Tuiste vir Bejaardes Ds. Deon Louw
25 Februarie Sondag	08:00 08:45 09:00 09:00 09:00 10:15 10:15	Gebedsgroep “Lofkuikens in die Moederskamer” Erediens, Ds. Corneil Lofland Loftjokkers ICON Teeskink – Abie en Cecile Bruwer

Eerste Lydensondag

Welkom by Ds Willem Strauss se uitreepreek:

Tema: *Om Christus te volg beteken jy kan net wen deur te verloor.*

“Kyk, die Leeu uit die stam van Juda, die Afstammeling van Dawid, het die oorwinning behaal...”

(Openbaring 5:5)

Prediker: Ds Willem Strauss

Kerkraadsake:

Bedieningskerkraadvergadering 19 Februarie 2018 om 19h00 in die Raadsaal.
Sentrale Kerkraadsvergadering 26 Februarie om 19h00 in die Raadsdaal.

Verkiesing van kerkraadslede:
Ons gemeente het twee gedesentraliseerde Kerkrade nl. die Sentrale Kerkraad en die Bedieningskerkraad. Wanneer nodig funksioneer beide Kerkrade saam as die Gesamentlike Kerkraad. Die Sentrale Kerkraad (SK) bestuur alle dag tot dag sake en hou toesig oor die uitvoering van die gemeente visie. Die SK het ‘n vasgestelde ledetal van 14 en ‘n pos raak van tyd tot tyd vakant wanneer iemand bedank. Die Bedieningkerkraad hanteer die dienswerk van die gemeente en het nie ‘n vasgestelde aantal poste nie. Gemeentelede word genooi om te enige tyd persone te nomineer by die kerkkantoor vir verkiesing tot enige een van hierdie kerkrade.

Bankbesonderhede
ABSA – 631142 – 210580026

LERAARS
Leier: Ds. Corneil du Plessis – 082 772 8630
corneil@albertonsuid.com

Ds. Willem Strauss – 082 779 4389
willem@albertonsuid.com

Bedieningsassistent: Rentia Human
082 454 8033 rentia@albertonsuid.com

Saakgelastigde: Amanda Human
011 869 9700 amanda@albertonsuid.com

Bedryfshoof: Frikkie Schroeder
082 557 1953 bedryfshoof@albertonsuid.com

Kommunikasie/Bemarking: Iwan Pienaar
kommunikasie@albertonsuid.com

Die GROOT basaar wil nog GROTER!

Ons het besluit om die jaarlikse basaar vir 'n paar maande uit te skuif om dit nog **GROTER** te maak. Met soveel nuwe idee's en verassings, verg dit baie beplanning en sien ons uit na een **GROOT** makietie. Hou die afkondigings dop vir meer besonderhede en maak reg vir iets nog GROTER as ooit van tevore!

Basaar Boekstalletjie

Baie dankie vir die boeke wat tot nou ontvang is. Ons benodig Kinderboeke asook Afrikaanse boeke vir die boeke stalletjie.
Indien iemand dit sou verlang, kan Anita Maritz geskakel word (083 295 7256) om boeke tuis te kom afhaal. Boeke kan ook gedurende die week by die kerkkantoor afgegee word.

BEVESTIGING EN ONTVANGS: DS NATALIA STRYDOM

Op Sondag 4 Maart word ds. Natalia Strydom bevestig as leraar van Alberton-Suid en lewer sy haar intreepreek. Na die diens is daar 'n gesellige ontvangs vir haar en haar eggenoot, Reuben en haar drie dogters, Marna (9), Ruvé (amper 2) en Talita (8 maande). Almal word hartlik na hierdie geleentheid genooi om te kom kuier en met die gesin kennis te maak.

"TOE HET EK VOOR DIE TROON WAT OMRING WAS DEUR DIE VIER LEWENDE WESENS, TUSSEN DIE TROON EN DIE OUDERLINGE, 'N LAM SIEN STAAN, DIE EEN WAT GESLAG WAS."

(OPENBARING 5:6)

Afskeid ds Willem en Ilva Strauss:

Ds. Willem lewer vanoggend sy afskeidspreek en aanvaar daarna emeritaat. Na die diens is daar 'n afskeidsgeselligheid in die DAK vir hom en Ilva. Almal word hartlik uitgenooi om dit by te woon.

Afskeid ds Corneil en Kobie du Plessis:

Die afskeidsgeleentheid vir ds. Corneil en Kobie is op Sondag 25 Februarie tydens die erediens wanneer ds. Corneil sy afskeidspreek lewer, en dan 'n geselligheid na die diens waarheen almal hartlik uitgenooi word.

Program vir Lydenstyd

25 Maart – Palmsondag, Diens 09h00
30 Maart – Goeie Vrydag, Nagmaal 08h00
1 April – Opstandingsondag, Diens 09h00

Die Lofland Amazing Race is terug!

Op Sondag, 11 Maart hou Lofland die jaarlikse Amazing Race by die Johannesburgse Dieretuin. Kaartjies word verkoop teen R50 per persoon en sal reeds van volgende Sondag in Die DAK beskikbaar wees. Hierdie is altyd hope pret vir familie en vriende om bietjie te ontspan na die warrel van die begin van die jaar. Ons gaan ook lekker piekniek hou en mekaar se samesyn geniet. Dit sal Ds Natalia se eerste GROOT geleentheid by die gemeente wees en gee vir ons almal die kans om haar en haar familie te ontmoet. So nooi almal wie jy ken en laat ons lekker ontspan!

Verjaarsdae

18 Februarie Sondag	Peniel Marx, Pieter-Ben Pienaar, Karen van Zyl.
19 Februarie Maandag	Michele Jordaan, Nettie Lotter, DC Pretorius, Telana Schoeman, Marisna van Dyk.
20 Februarie Dinsdag	Esther Blankestijn, Gerrie Coetzee, Caylee Cramer, Andre de Klerk, Mariette Erasmus, Dick Pretorius, Phillip Retief, Estelle Vermaak, Henriette Viljoen.
21 Februarie Woensdag	Jan Barnard, Elandi Bekker, Zane Harper, Nadia le Roux, Jacinda van Zyl.
22 Februarie Donderdag	Fred Bokelman, Jan Botha, Piero de Ru, Theuns Fourie, Sienie Hattingh, Maryke Kitching, Breggie Kruger, Reinier Louw, Emil Ross, Amy Snyman, Leon Steinobel (jnr), Desiree van Niekerk, Anmar Viljoen.
23 Februarie Vrydag	Ryno Coetzee, Jan de Kock, Pieter Harman, Stiaan Lombard, Jayden Olivier, Antoinette Pienaar.
24 Februarie Saterdag	Pierre Kampman, Jacky Pretorius, Dirk Rosslee, Bettie Swart, Divan Thysse.

Lief & Leed

Voorbidding vir kankerbehandeling:
Chris Botha 083 633 3188.

Tannie Alida Wilken is ‘n bietjie beter en sy sal toegelaat word om huis toe te gaan sodra daar vir haar tuisversorging gereël is. Ons bid vir haar en oom Koos sterkte toe.(011 869-8240)

Maak ’n bydrae of doen ’n betaling met SnapScan!

“DIE LAM WAT GESLAG WAS, IS WAARDIG OM DIE MAG EN RYKDOM, DIE WYSHEID EN STERKTE, DIE EER, HEERLIKHEID EN LOF TE ONTVANG.”

(OPENBARING 5:12)

Montanus Voedingsprojek 2018

Ons gemeente voorsien kos aan kinders by Laerskool Montanus. Die skool is geleë in ’n baie arm gebied waar daar hoë werkloosheid en nood heers. Ons benodig mense om een keer per maand te help om kos voor te berei of om af te lewer by die skool. Kontak asb. vir Annemarie Brand Sel nommer: 084 882 0124 sou jy belangstel om te help in die verband.

Die **Sang en Musiekgroep** nooi belangstellendes wat instrumente bespeel en graag by hierdie bediening wil aansluit om die sameroeper, Sampie Swanepoel te kontak sodat oudisies gereël kan word. Voorsangers wat oudisies wil aflê is ook welkom. Sampie Kantoornommer: 011 864-1714.